IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.25 VOL 314 17980 - 18 030.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** PRETORIA

1987-11-11

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

[illegible]: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN [illegible]

**NAMENS DIE STAAT:**

ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

314

**NAMENS DIE VERDEDIGING:**

ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

**KLAGTE:** (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

[illegible] [illegible]

---

**KONTRAKTEURS:** LUBBE OPNAMES

---

**VOLUME 314**

(Bladsye 17 980 - 18 030)

HOF HERVAT OP 11 NOVEMBER 1987.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U sê toe u na 3 September 1984 die Vaal verlaat het, het u u kind by u ouerhuis agtergelaat? -- Ja, ek het nie die kind saam met my geneem waarheen ek toe gegaan het nie.

HOF : Watter dag is u weg? -- 4 September 1984.

MNR. HANEKOM: Het u daardie oggend van 4 September eers na u werk toe gegaan by die unie se kantore of het u direk van die huis af weggegaan. -- Die dag van die 4de het ek eers na die voorsitter van die unie toe gegaan. Na ek by hom was, is ek toe weg.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie is dit nou? -- Dit is 'n mnr. Mzala.

Wat is sy voornaam? -- Daniël.

MNR. HANEKOM : Het u die kwessie dat u uit die Vaal wou weggaan met hom bespreek? -- Nee, ek het nie na die persoon toe gegaan met die oog daarop om dit met hom te bespreek nie. Ek het na hom toe gegaan met die oog daarop om die goedere te oorhandig aan hom. Dit wil sê wat aan die unie behoort.

Wanneer het u besluit om finaal weg te gaan van u werk af en van u ouerhuis af? -- Na die aanval op die huis met die traangas en die rubberkoeëls, die oggend toe ek opgestaan het, het ek die besluit geneem omdat ek nou die indruk gekry het dat my lewe nie veilig was nie.

Het u die kwessie dat u besluit het om weg te gaan met u vader bespreek? -- Die betrokke oggend toe ek opgestaan het, was my vader nie tuis nie. Dus het ek dit met niemand bespreek nie. Ek is net weg.

Het u enige reëlings getref met iemand om na u kind

om/...

om te sien? -- Ja, ek het met my jongste sustertjie daaromtrent gepraat.

Wat het u vir haar vertel? -- Wat ek aan haar gesê het was dat sy met andere na Odendaal toe moet gaan, want ek gaan ook weg na Soetveld toe. Hulle moet besef ons word aangeval. Dus is ons nie veilig nie.

HOF : Is dit na Odendaal wat hulle moet gaan? -- Ja, dat hulle na Odendaal toe moet gaan. Odendaal [illegible]

Waar is die plek? -- Dit is in die Vrystaat nie ver van [illegible] Dit is by een van my sustertjies [illegible] se woning.

En Soetveld is waar? -- Soetveld is geleë tussen Vereeniging en Three Rivers.

MNR. HANEKOM : Het u vir Daniël by die kantoor gesê u gaan Soetveld toe?

MR BIZOS : Her evidence was that she did not go to the office, she went to the chairman.

MNR. HANEKOM : Ek het verstaan sy is na die voorsitter toe.

HOF : Sy is na die voorsitter, mnr. Daniël Mzaia. Ons het nog nie gehoor of sy hom by die huis gespreek het of by die kantoor nie.

MNR. HANEKOM : Het u die voorsiter, mnr. Daniël Mzaia by sy huis gespreek of by die kantoor? -- Mzaia is in diens in 'n kantoor en in die nabyheid van die kantoor is sy plek waar hy woon. Dus het ek by sy woonplek aangedoen en toe 'n boodskap gestuur na hom toe dat ek by sy huis was. [illegible] breedvoerig mag verduidelik hoe daardie plek daar is.

HOF : As die advokaat wil weet, dan sal hy vir u vra.

MNR. HANEKOM : Het u uiteindelik met Daniël gepraat by sy huis of by die kantoor? -- Mzaia het by die plek gekom waar

ek/...

ek was. Dit het hy gedoen gedurende sy etenstyd en weer teruggekeer na sy werk.

HOF : Is die etenstyd tussen 12h00 en 13h00 of tussen 13h00 en 14h00? -- Ja, dit was tussen 13h00 en 14h00.

MNR. HANEKOM : Kan ons net duidelikheid kry. Ek het miskien verkeerd verstaan. Het u die oggend [illegible] werkstyd van die huis af gegaan of is u later die dag van u huis af weg? -- Toe ek daar weg is, was dit in die oggend om en by die tyd wat 'n mens sou vertrek het om werk toe te gaan.

Waarheen het u toe gegaan?

HOF : Laat ons net hoor hoe laat 'n mens gewoonlik werk toe gaan? -- Ek is van my huis af weg, as ek reg is, na 08h00.

MNR. HANEKOM : En waarheen het u toe gegaan? -- Ek het direk na Mzaia se woning toe gegaan.

Was hy by sy huis toe u daar kom?

HOF : As u nie uitvind waar hy woon nie, sal u nie uitvind verder nie. Woon hy in Johannesburg of woon hy in Bloemfontein of woon hy net langsaan in die volgende blok? -- Hy woon te Soetvelde Farms.

En het u gestap? -- Ek is per voertuig soontoe.

MNR. HANEKOM : Hoe laat het u daar by sy huis gekom? -- Toe ek by sy woning gekom het, kan dit wees dat dit na 09h00 die oggend was.

Toe was u van 09h00 af tot 13h00 by sy huis. Is dit reg? -- Ja, ek het daar gewag tot om 13h00.

Die kantoor waar hy werksaam was, was dit dieselfde kantoor as waarin u normaalweg gewerk het van die Orange Vaal General Workers Union? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF : Is dit 'n Soetvelde kantoor? -- Ja, dit is die

Soetvelde/...

Soetvelde kantoor van sy werkgewer se persele.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie vir my duidelik nie. Die Soetvelde kantoor van sy werkgewer, dit is nie die unie se kantoor nie. Sy werkgewer is nie die unie nie, dit is iemand anders. Soos byvoorbeeld sê nou maar die Verenigde Melkerye. Wie is sy werkgewer? -- [illegible] werkgewer is van hulle daar by Soetvelde nie.

Maar dit is nie die unie nie? -- Nee.

HOF : Waarom het u die goed nie gaan afgee by die uniekantore waar u gewerk het nie? -- [illegible] kantore van die unie gewees nie, want die enigste persone daar teenwoordig was ek en Hlubi. Omrede die algemene sekretaris nie in die land was nie, is dit die rede hoekom ons die enigste twee persone was.

MNR. HANEKOM : Hoekom het u dan nie die goed gaan afgee aan Hlubi by die kantoor nie? -- Peter Hlubi was nie lank by hierdie kantoor werksaam nie en dit waarvan ek praat wat ek moes oorgegee het, was die gelde wat inbetaal was wat aan die unie behoort, die tjekboeke en ander goed, wat ek goed gedink het om liewers aan die voorsitter te gaan gee in plaas van aan Hlubi.

Die gelde en tjekboeke van die unie, het u dit elke aand huis toe gedra? Het dit nie in die kantoor agtergebly nie? -- Wat die gelde betref wat ingevorder is gedurende die dag deur myself, die reëling is dat dit in die bankrekening inbetaal moet word of andersins, as dit nie inbetaal is nie, dan moet ek toesien dat die gelde veilig is, want ek gaan daarvoor verantwoordelik gehou word.

En het u dan die geld saam met u huis toe geneem in die aand? -- Ja, soos ek alreeds gesê het. Ek is verantwoordelik

daarvoor/...

daarvoor. As ek nie die geld bank toe geneem het nie, sal ek die geld huis toe neem tot die volgende dag totdat ek kans kry om dit in die bank te gaan inbetaal.

HOF : Is daar nie ʼn kluis op kantoor nie? -- Nee, daar was nie ʼn kluis gewees nie, ook nie ʼn ander plek waar ʼn mens dit kon toegesluit het nie, behalwe die klein kassies waarin die kleingeld gehou word.

MNR. HANEKOM : Die geld wat u in u besit gehad het op 4 September, wanneer was dit ingesamel deur u? -- Dit was deur myself op Saterdag, die 1ste ingevorder.

Wie is die persoon wat u met ʼn voertuig geneem het na Daniël se kantoor in Soetvelde? -- Dit was die predikant van die kerk waaraan ek as ʼn lid behoort het.

Wie is die predikant? -- Simelane is die predikant se van.

Het hy saam met u by Daniël se huis gewag of het hy u net afgelaai en toe weer gery? -- Hy het my net daar afgelaai en toe weggery.

Wat het u vir Daniël gesê waar gaan u heen? -- Wat ek aan hom oorgedra het, was dat daar aanvalle was op ons huis. Deur wie dit geloods word weet ons nie. Dus het ek dit goed geag om te skuif, dit wil sê weg te kom van die huis af.

Het u vir hom gesê waarnatoe u gaan? -- Ja, ek het.

Wat het u vir hom gesê waar gaan u heen? -- Ek het aan hom gesê ek wil uit die Vaaldriehoek uitkom, dat ek na Soweto toe gaan waar ek by my sustertjie tuis sal wees, dit wil sê sy is getroud daar.

Het u van Daniël se huis af na u suster se huis toe gegaan in Soweto? -- Ja, dit is so.

Hoe/...

Hoe het u daar gekom in Soweto? -- Aangesien dit nou laat die aand was, het ek hom, Mzaia, gevra om my in sy voertuig te vervoer na Soweto.

Hoe laat die aand was dit gewees? -- Mzaia werk tot om 17h00 in die namiddag. Dit wil sê dit was ongeveer tussen 17h30 of voor 18h00, 17h45, daar rond.

Ek het u getuienis verstaan dat u met Daniël gepraat het toe hy vir ete huis toe gekom het 13h00? -- Dit is so, ja.

Wat het daarna gebeur nadat u met hom 13h00 gepraat het? Is hy terug werk toe of wat het gebeur? -- Hy het teruggekom huis toe vir die middagete. Terwyl hy sy ete daar geniet het, het ons gepraat en toe die tyd gekom het dat hy weer moet teruggaan werk toe, is hy toe terug werk toe. Ek het daar agtergebly.

Waarom het u daar agtergebly? -- Omdat daar geen ander vervoer beskikbaar was vir my om te gebruik vanaf hierdie plaas na Soweto toe nie, het ek nog langer daar gebly.

Kon u nie per trein reis Soweto toe nie? --Nee, ek kon nie, weens die feit dat as ek nou moes weggegaan het vanaf hierdie plaas na die naaste stasie toe, het ek nog steeds vervoer nodig gehad, want dit was ver gewees.

Wat is die suster waar u tuisgegaan het in Soweto se naam? -- Glorie Nomgqibelo Mjeza.

Wat is haar adres in Soweto? -- 819C Phiri Location.

Toe u die oggend van 4 September van u ouerhuis af weg is, waar was u vader gewees? -- Hy was nie tuis nie.

Waar was hy? -- Soos ek alreeds vroeër in my getuienis gesê het dat my vader 'n tweede vrou getrou het en dus die meeste van die tye het hy by hierdie vrou die nag deurgebring.

Het die vrou nie by hom gebly in die huis waar julle

almal/...

almal gewoon het nie? -- Sy het vir 'n kort tydjie saam met ons daar gebly en ons was baie gewees in daardie huis. Ek neem aan dit was na aanleiding daarvan dat sy besluit het om terug te keer na haar ouers se huis toe. Dus het my vader by haar by haar ouers se huis gaan bly.

Die nag van 3 September toe die aanval op jou ouerhuis was, was jou vader nie daar nie? -- Ja, hy was nie tuis gewees nie.

En hy het ook nie permanent daar gewoon in die huis nie? -- Dit is so, ja.

Het u toe u die oggend van die huis af weg is vir u sustertjie gesê dat u na die ander suster toe in Soweto gaan? -- Nee, toe ek my huis die oggend verlaat het, was ek van plan om na Soetveld toe te gaan. Dit is wat ek vir hulle gesê het. Op pad Soetveld toe, het ek besluit om Soweto toe te gaan.

<u>HOF</u> : Was u dan van plan om by Soetvelde te gaan woon en werk? -- Nee, toe ek my huis verlaat het die oggend, was die doel daarvan om die eiendom van die unie aan die voorsitter te oorhandig.

En terug te kom na u huis toe? -- Op pad na Soetveld, het ek besluit dat ek nie teruggaan na my huis toe nie en ek sal liewers Soweto toe gaan, want by my huis word ek aangeval.

So, toe u nog tuis was, het u nie gedink dat u moet weggaan nie? -- Terwyl ek nog by my huis was, was daar nog baie dinge wat in my gedagte aangegaan het as gevolg van die voorvalle en die skok. Dus het ek nog nie daaraan gedink presies dat ek nou sal moet weggaan nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Het u op daardie stadium toe u nog by die huis/...

huis was, nie daaraan gedink dat ander van u huismense van die Vaal af moes padgee nie? -- Toe ek die oggend weg is van my huis af, het ek net gedink aan die kinders wat jonger was dat hulle die Vaaldriehoek moet verlaat.

HOF : Maar waarom gaan u dan die unie se eiendom oorhandig as u nie van plan is om weg te gaan nie? -- Wat in my gedagte aangegaan het op daardie stadium was dat dalk as hierdie mense my kan raakloop, dit is die aanvallers, sal hulle my doodmaak. Dus, die eiendom van die unie sal verdwyn.

MNR. HANEKOM : So, u het daardie oggend nog nie besluit om op te hou werk by die unie nie? U wou net die goed gaan teruggee? -- Hierdie oggend toe ek weg is, al wat ek aan gedink het, was om hierdie eiendom van die unie weg te neem, sodat as hierdie mense my kan kry dat daar nie nog iets is wat aan die unie behoort wat in my besit is nie.

Het u vir enigiemand by die huis gesê voordat u weggaan dat u dink die jong kinders moet wegkom uit die Vaal uit? -- Ek het met my jongster sustertjie gepraat.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe oud is sy? -- Sy het nou 26 geword.

MNR. HANEKOM : Hoe oud was u kind op daardie stadium? -- My kind was 11 jaar oud op daardie stadium.

As u gedink het die jong kinders moet wegkom uit die Vaal uit, hoekom het u nie u eie kind weggeneem nie? -- Hierdie kind was nie so klein gewees nie en ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Was nie so? -- Jonk gewees nie en ek het die vertroue gehad in my jongste sustertjie dat sy toesig sal hou oor die kind, want ons het nie dieselfde rigting gegaan nie.

Is sy weg met die kind? -- Ja, hulle is weg.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Wanneer is hulle weg en waarnatoe is hulle? -- Ons het saam die huis verlaat. Ek is saam met hulle weg tot by Vereeniging se spoorwegstasie waar hulle dan vir die trein moes gewag het. Ek het hulle daar gelaat.

Waarheen was hulle op pad? -- Hulle was op pad na Odendaalsrus toe.

Sou hulle permanent gaan of net vir ʼn rukkie? -- Hulle sou daar gewees het vir ʼn rukkie, want hulle was nog skoolkinders gewees. Hulle was dus veronderstel om terug te kom.

Dit was u suster en u kind en wie nog? -- En my oudste suster se twee kinders. Dit wil sê altesaam was hulle vier.

HOF : Dit is nou die suster en drie kinders? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Die feit dat hulle weggegaan het Odendaalstoe, is dit nie bespreek met u vader nie? -- Hy was nie tuis nie.

Is dit bespreek met u oudste suster? -- Ek het met die jongste sustertjie van my gepraat oor hierdie aangeleentheid. Sy het toe met my oudste suster daaromtrent gepraat.

Waarom het u nie self met u oudste suster die aangeleentheid bespreek nie? -- Na ek bewus geword het dat die huis aangeval is, het ek dus by die huis langsaan by ons bure gaan bly. Ek was bang om uit te gaan en dat die aanvallers my dalk sal sien.

Wanneer het u by u bure gaan woon? -- Toe die huis daar met klippe bestook was en terselfdertyd traangas gebruik is, was dit op daardie stadium wat ons uit die huis gevlug het na die naaste huis. Dit is die betrokke huis waar ek dan gaan bly het.

HOF : Hoe laat was dit? -- As ek nie verkeerd is nie, was

dit/...

dit om 01h30 die oggend.

MNR. HANEKOM : Wie is die bure by wie u gaan bly het? -- Dit is Nomalizo Dinsi.

Het enige van julle mense, jy of jou susters of die kinders in die huis agtergebly of het almal uit die huis uitgevlug? -- Tydens die voorval het ons almal uit die huis uitgevlug in verskillende rigtings. Ons was baie gewees. Dus kon ons nie almal na een huis toe gevlug het nie.

Het enigiemand van u saam met u na die bure se huis toe gegaan of het u alleen soontoe gegaan? -- Vier van ons het in daardie huis ingehardloop.

Wie was dit? -- Dit is die jongste kind van die familie dit wil sê van die kinders by die huis, my oudste suster se oudste kind, Bongani wat my eie kind is en ekself.

Toe u die aand uit die huis gevlug het of die nag liewers, het u die aanvallers gesien? -- Ek het nie rondgekyk op soek na die aanvallers nie. Ek het wel omgekyk en toe die kinders aan die hande gevat met die oog daarop om oor die omheiningsdraad te spring of deur te gaan om by die bure se huis uit te kom.

Het u gesien toe daar traangas gebruik was by die huis? -- Tydens die gebruik daarvan het ek dit nie gesien nie. Wat wel gebeur het, is dat die oggend het ek daar die traangashouers gesien. Ons het die huis verlaat en gevlug as gevolg van die geraas. Dit wil sê die geluid wat getref het. Wat dit was op daardie stadium wat getref het, het ons nie geweet nie.

Waar het u die traangashouers die volgende oggend gesien? -- Dit was om en by 05h00 die oggend van die 4de toe die bure saamgedrom het by ons huis om te kom kyk wat

daar/...

daar gebeur het. Op daardie stadium het ek ook uitgegaan en saam met hulle na die huis gaan kyk.

Toe was u nie meer bang om uit die huis uit te gaan nie? -- Ek was nog geskrik gewees, maar dit was nog vroeg in die oggend gewees. Ek het nie geweet wat gebeur het nie.

Dan verstaan ek nie u getuienis so 'n tydjie gelede dat u te bang was om met u oudste suster te gaan praat die volgende oggend nie, omdat u nog steeds bang was vir die aanvallers? -- Op daardie stadium wat ek uitgegaan het, het ek saggies uitgegaan en vir 'n kort tydjie daar gekyk en weer teruggekeer.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG.</u>   <u>HOF HERVAT.</u>

<u>NOZIPHO GLADYS MJEZA</u>, nog onder eed

<u>VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM</u> : Waar het u die oggend van 4 September die predikant gekry wat u na Soetvelde toe geneem het? -- Die oggend van die 4de na ons op was, het die kinders ons familiemense gaan roep wat in die nabyheid woon. Byvoorbeeld my ooms en die predikant was toe ook een van die mense wat toe ingelig was oor wat daar gebeur het, as gevolg waarvan hy toe ook daar by die huis aangekom het.

<u>HOF</u> : Dit is nou ds. Sebidi? -- Simelane.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Toe al die mense ingeroep is en gepraat is oor die gebeure, was u oudste suster by? -- Wat gebeur het is dat dit was om en by 05h00 toe die mense saamgedrom het daar voor die huis en dit is op daardie tydstip wat die kinders toe die ander familielede ook gaan roep het. My suster is toe ook na die toneel toe, dit wil sê by die huis waar die mense saamgedrom het.

Was u oudste suster daarby? Het u haar daar gesien? -- Die kinders het aan my daardie verslag gedoen dat sy ook wel daar teenwoordig was tussen die mense wat daar saamgedrom het.

Maar u getuienis was julle het daar die gebeure bespreek. Was u nie deel van die bespreking saam met die familie nie? -- Op die tydstip wat hulle daar bymekaar was, was ek nie by gewees nie.

<u>HOF</u> : Waarom nie? -- Omdat ek bang was vir die aanvallers wat besig was om my aan te val, dat hulle dalk ook miskien daar tussen die klomp was wat daar saamgedrom het by die bure van ons. Dus het ek besluit om nie te gaan nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Dit is nie duidelik nie. Daar was samedromming om 05h00 by u huis die oggend? -- Ja.

Dit was bure, mense wat kom kyk het wat gebeur het? -- Na 05h00.

Daar was traangaspatrone? -- Ja, eintlik wat gebeur het is, ek is eers soontoe. Ek het die traangaspatrone daar gesien en is toe weg. Die mense het eers daar saamgedrom na ek daar was. Dit wil sê hulle het die traangaspatrone later gesien na ek alreeds daar was.

Maar dit gaan nie daarom nie. Dit gaan om die tydsverband wat die kinders gegaan het om die familie te roep. Wanneer het die kinders gegaan om die bure te roep en vir ds. Simelane? -- Toe ek opgestaan het die oggend om en by 05h00 of net na 05h00 het ek die kinders ook wakker gemaak en hulle is toe op. Toe ek uit is om ondersoek in te stel na wat gebeur het by die huis die vorige nag, is die kinders terselfdertyd weg om na die ander familielede van my te gaan soek wat dan gelei het daartoe dat hulle by die predikant uitgekom het.

Het/...

Het u die kinders gestuur om die familie in kennis te gaan stel of het hulle uit hulle eie gegaan? -- Ek het hulle wakker gemaak en hulle gestuur ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

Nee, ons het dit dat u hulle wakker gemaak het ... -- ... en hulle gestuur om na die mense te gaan sien, dit wil sê my ooms en my pa.

Het u met die ooms wat gekom het gepraat? -- Ek het nie met hulle gepraat nie. Die rede daarvoor is dat hulle tussen die klomp was wat daar saamgedrom het, dit wil sê die bure ook. Dus het ek nie met hulle gepraat nie.

En die predikant, waar was hy? -- Hy was ook tussen die klomp.

Maar wanneer het u met hom gepraat? -- Terwyl die mense daar in 'n klomp saamgedrom het by my huis, het ek deur die venster van die huis gesien waar ek was dat die predikant ook daar teenwoordig is en toe 'n kind gestuur van die huis waar ek was om die predikant te gaan roep dat hy met die voertuig om kom na die adres toe, dit wil sê die huis waar ek was.

Die ooms was ook daar sê u, by die samedromming, die familie? -- Ja, hulle was ook daar gewees.

Het u hulle gesien? -- Vanaf die venster waar ek deurgeloer het, was hulle sigbaar gewees.

En die ousus? -- Sy is die persoon wat ek net van gehoor het dat sy daar teenwoordig was, maar ek het haar nie gesien nie, omrede my uitsig teenoor haar deur huise versper was.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Was u vader daar tussen die mense wat saamgedrom het by die huis? -- Ek het hom nie op daardie stadium/...

stadium gesien nie.

Nadat u die boodskap na ds. Simelane toe gestuur het, het hy gekom en u opgelaai en u Soetvelde toe geneem? -- Na ds. Simelane by my gekom het, het ek aan hom 'n versoek gerig dat ek van plan was om na Soetvelde toe te gaan. Hy het toe ingestem om my te vervoer soontoe.

Het hy u toe dadelik geneem? -- Nie dadelik nie. Hy het eers teruggekeer na my woning toe en toe daar voorbereidings gedoen om 'n klagte by die polisie te gaan inhandig aangaande hierdie voorval.

Was u saam met hom om 'n klagte te gaan inhandig by die polisie? -- Ek het nie saam met hom gegaan nie en ek weet ook nie of hy soontoe gegaan het om dit te doen nie.

Op watter stadium het u saam met u jonger suster en die kinders spoorwegstasie toe gegaan? -- Toe ons vertrek het vanaf die huis was dit om en by na 08h00 in die môre.

Hoe het julle by die stasie gekom? -- Ds. Simelane het ons per voertuig vervoer tot by die stasie.

En is u en ds. Simelane van die stasie af Soetvelde toe? -- Ja, na ons die kinders by die spoorwegstasie gelaat het, het ons toe Soetvelde toe gegaan.

Net een aspek nog oor die kinders wat u vroeër die oggend gestuur het. Waarom het u hulle gestuur om die familie te gaan roep? -- Aangesien hierdie voorval plaasgevind het terwyl ons en die kinders alleen daar by die huis teenwoordig was, was dit nodig gewees om die ouerige mense bymekaar te kry sodat hulle kan kom sien wat daar plaasgevind het, om dan te kan besluit wat se stap, of stappe, indien enige, geneem kan word.

<u>HOF</u> : Wie was die hoof van daardie huis? -- Dit is my

vader/...

vader.

Maar ek het verstaan hy het nie permanent daar gebly nie? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, hy is die hoof van daardie huis. Hy is ons vader, ons is in daardie huis gebore en hy het saam met ons daar geleef tot op die tydstip wat hy met die tweede vrou getroud is. Dit is toe dat hy ons verlaat het, maar af en toe daarheen gekom het. Dus bly hy die hoof van die huis.

Ja, prakties inderdaad, maar van dag tot dag, wie was die hoof van daardie huisgesin? -- Ek het ŉ ou broer van my wat nie daar bly nie. Hy het sy eie woning te Evaton.

Wie het nou die besluite geneem in daardie huis waar julle klomp bymekaar gebly het? Is dit jy? -- Ek het my ouer suster wat saam met my in daardie huis woon. Dus het ons twee dinge met mekaar bespreek.

MNR. HANEKOM : Was daar nie ŉ ouer broer van u wat ook daar in die huis saam met u gewoon het nie? -- Hierdie broer van my na wie ek kom, het in die hostel gewoon. As hy daar was by die huis het hy net gekuier.

Was daar enige broer in die huis of was dit net die susters? -- Daar was hoegenaamd geen manspersoon, dit wil sê insluitende seuns, wat saam met ons in die huis gewoon het nie, want my oudste broer woon in Evaton, die een na wie ek kom woon in die hostel.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u sê ingesluit die kinders, dan bedoel u behalwe die seunskinders, was daar geen inwonende manspersoon nie? -- Ek het die vraag verstaan dat dit bedoel was vir ŉ broer van ons wat saam met ons woon. Dit is hoekom ek so geantwoord het.

MNR. HANEKOM : Die aanval wat in die nag by die huis was,

wat/...

wat se geraas was dit wat u gehoor het tydens die aanval? -- Ek was vas aan die slaap gewees, maar toe ek wakker geword het, het ek geluide gehoor van glas, dit wil sê ruite van vensters wat breek en die slag van voorwerpe wat getref het, is die geluide wat ek van praat.

HOF : Op die dak of teen die deure of teen die mure of teen die vensters? -- Wat ek presies kan beskryf is die geraas en die geluid wat ek gehoor het toe die vensterruite geval het as gevolg van die feit dat dit gebreek het.

MNR. HANEKOM : Het u mense gehoor skreeu en lawaai?-- Na ek hierdie geluid gehoor het van die breek van die vensterruite, het ek wakker geword. Ek is die eerste persoon wat toe begin huil het. Dit wil sê skreeu. Die ander het ook toe daar aangesluit en geskreeu.

Het jy enige geraas van mense wat skreeu en 'n geraas maak buite die huis gehoor? -- Ek het nie mense se geraas gehoor buite nie.

Toe u uitgehardloop na die bure toe, het u enige aanvallers buite die huis gesien? -- Toe ek die kinders bymekaar geroep het en ek hulle beetgehad het, het ek nie nog tyd gehad om rond te kyk nie. Ek is deur die tuin direk na ons bure se huis toe.

As u nie rondgekyk het nie, was u nie bang u hardloop in u aanvallers was nie? -- 'n Persoon wat vaak is en terselfdertyd geskok is, kan deurmekaar raak en sekere dinge nie oorweeg of dit moontlik is of nie.

HOF : Hoeveel vensters was gebreek? -- Toe ek gaan kyk het het ek net my ma se slaapkamervenster gesien watstukkend was.

Hoeveel ruite? -- Al die ruite was stukkend gewees in hierdie venster en die diefwering was ook af gewees. Dit

het/...

het na binne toe geval.

MNR. HANEKOM : Toe u saam met ds. Simelane die oggend van 4 September weg is van die huis af, het u enige bagasie of persoonlike besittings saam met u geneem? -- Toe ek oorspronklik saam met ds. Simelane daar gepraat het oor hierdie weggaan van my, het ek op daardie stadium niks by my gehad nie, maar ek het toe aan hom melding gemaak daarvan dat daar sekere goedere is wat ek nodig het om saam te neem. Dit is voordat ons weggaan.

Het u persoonlike besittings en bagasie saam met u geneem toe u Soetvelde toe is? -- Behalwe my handsak wat na my toe gebring was deur ds. Simelane, wat die geld, tjekboek, bewysboek en ander persoonlike besittings bevat het, het ek geen ander bagasie by my gehad nie.

U het geen klerasie saamgeneem nie? -- Ek is daar weg met ɳ nagrok aan en ɳ jas bo-oor dit.

Waar het u daarna klere gekry om aan te trek? -- Met my aankoms te Soweto waar my sustertjie getroud is, haar skoonsuster, dit wil sê die suster van haar man en ek is ewe groot. Dus het ek gebruik gemaak van haar kledingstukke vir ɳ lang tyd wat ek in Soweto was.

Hoekom het u u nie behoorlik geklee voordat u na Daniël in Soetvelde is nie? Hoekom het u u pyjamas aangehou? -- Toe ek die huis die nag verlaat het, het ek ɳ nagrok aangehad omdat ek geslaap het. Dus het ek in daardie nagrok die huis uitgevlug.

HOF : Kon u nie vir ds. Simelane gevra het om saam met die handsak ook maar ɳ paar kledingstukke gebring het nie? -- Dit was aan my verduidelik dat geen mens in staat is om daardie huis dieper in te gaan nie. Die handsak was op ɳ tafel

gewees/...

gewees nie diep in die huis in nie. Dit is die verduideliking wat ek gekry het.

MNR. HANEKOM : Wie het dit nou aan u verduidelik? -- Die eerste persoon wat daarmee gekom het, was die eienares van die huis waarin ek was, naamlik Nomalizo Dinsi. Selfs die kinders het ook dieselfde verslag aan my gedoen dat die toestand van die huis van so ȟ aard is dat ȟ mens nie daarin kan slaag om daarin te gaan nie.

HOF : Bedoel u die huis was deurmekaar of wat? -- Wat gesê was aan my was dat die traangas se effek was die oorsaak daarvan dat mense nie toegang kon kry tot die huis nie.

MNR. HANEKOM : Hoe lank het u in Soweto gebly by die suster van u? -- Ek het daar vir twee weke gebly.

Voor u van die huis af weg is, waar presies het u die traangashouers gesien lê? -- Soos ek alreeds vroeër vir die Hof gesê het, vroeg die oggend het ek op verskillende maniere skelmpies om die huis gekom om tot by my vader se venster van die kamer te kom, waar ek deurgeloer het. Op die bed was die houers van die traangas gewees sowel as die rubberkoeëls.

Wie het normaalweg in daardie kamer geslaap? -- Dit was ȟ vertrek wat deur my vader bewoon was en hy is die persoon wat daardie betrokke kamer nog steeds daardie tyd gebruik het, behalwe dat hy natuurlik vir die klein kinders beddens opgemaak het op die vloer van daardie betrokke kamer.

Die nag voor u uit die huis gevlug het, toe u die kinders bymekaar gemaak het, was hulle in daardie vertrek? -- Ja, die kinders het van daardie vertrek af gekom. Eintlik selfs ek was in daardie kamer gewees toe die voorval plaasgevind het. Wat gebeur het, is die volgende. As my vader

nog/...

nog nie tuis is tot om en by 22h00 in die nag nie, dan weet ons dat hy nie gaan terugkom nie. Dus is die betrokke kamer dan vakant vir enigeen van ons om gebruik daarvan te maak vir die nag. Dus gebruik ons dan my vader se bed om daar te slaap.

Tot op die stadium wat u uit die huis uit is die nag, het u die effek van traangas waargeneem? -- Toe ek uit die huis uit is, na ek wakker geword het, het ek gevoel dat my oë gejuk het, maar ek was nie seker of dit nou die effek was van die traangas nie.

Toe u die kinders daar in die vertrek bymekaar gemaak het om te vlug, het die traangas u nie geaffekteer nie? -- Soos ek alreeds nou net gesê het, my oë het gejuk. Ek het aangeneem dat dit as gevolg van die vaak was, dat ek aan die slaap was dat my oë so gejuk het.

Het u enige skote gehoor die nag wat afgevuur word? -- Ek is nie in staat om vir die Hof te sê dat ek 'n geklap van skote gehoor het nie. Aangesien ek aan die slaap was,. het ek die gebreek van vensterruite gehoor toe ek wakker geword het.

Toe u die oggend vroeg skelm na die huis gaan kyk het, het u probeer om by die huis in te gaan? -- Nee, glad nie, want toe ek daar kom het ek by hierdie venster uitgekom en ek het toe deur die venster geloer. Ek het nie die huis binnegegaan nie.

K1017 In die tyd, in die twee weke wat u by u suster in Soweto gebly het, het u in die loop van daardie twee weke u vader gekontak? -- Nie ek persoonlik nie, ek kon hom nie kontak nie, maar wat ek wel gedoen het is, ek het die algemene sekretaris van die unie waar ek werksaam was telefonies

geskakel/...

geskakel en ŉ versoek aan hom gerig dat hy die boodskap aan my vader moet oordra dat ek nog maar lewendig is.

HOF : Die algemene sekretaris, was dit mnr. Masia? -- Ja, mnr Phillip Masia.

MNR. HANEKOM : Het u nie probeer om daardie tyd, die drie maande, van u persoonlike klerasie en besittings van u huis af te kry nie? -- Wat ek gedoen het, was die volgende. Toe ek weg is van my suster se huis af waar ek vir twee weke lank was, waartydens ek haar skoonsuster se klere gebruik het, is ek met haar twee rokke weg na die Vrystaat toe. Met my aankoms in die Vrystaat het ek daar toe meer van my jonger sustertjies se kledingstukke gebruik in die Vrystaat.

En na die drie maande tydperk in die Vrystaat, waarheen is u toe? -- Na die drie maande het ek toe vertrek na Herschel toe. Dit is waar my vader oorspronklik vandaan gekom het. Dit is waar hy gebore is.

Hoe lank het u daar gebly? -- Tussen vyf en ses maande lank het ek daar gebly.

Het u in daardie tyd u ouerhuis gekontak? -- Nie direk nie. Ek het altyd gebruik gemaak van hierdie algemene sekretaris van die unie, dat hy boodskappe heen en weer moes oorgedra het.

Aan wie? -- Aan my vader en kinders en omgekeerd, dit wil sê het hy ook boodskappe vir my gebring vanaf die kinders en my vader en aan my oorgedra.

HOF : U eie kind ook? -- Ja, selfs my eie kind was by die huis gewees.

Wanneer is u eie kind terug skool toe in Sharpeville? -- Aangesien ek nou nie self by die huis was nie, is ek nie in staat om vir die Hof te sê presies wanneer die kind

teruggekeer/...

teruggekeer het skool toe nie, maar met my aankoms te Odendaalsrus by my sustertjie daar, het sy aan my verslag gedoen dat die kinders net vir drie dae daar by haar gebly het. Op die vyfde dag het hulle toe vertrek terug huis toe.

So, wat u betref was die kinders weer terug in die skool binne 'n week? -- Toe ek dit met my sustertjie bespreek het daar te Odendaalsrus het sy aan my 'n rapport gemaak dat die skole nog nie begin het nie, maar op daardie tydstip was die kinders alreeds terug by die huis.

En by die huis is nou u huis? -- As ek van die huis praat, dan praat ek van Sharpeville.

Die huis waar u in gewoon het te Sharpeville? -- Ja, dit is so.

Ja, maar nou, as u kinders in daardie huis bly, waarom is u nie terug huis toe nie? -- Dit was omdat ek die indruk gekry het en eintlik die afleiding gemaak het dat dit gemik was op my, dit wil sê die aanval. Die rede daarvoor is die volgende. Eers was daar telefoonoproepe gewees wat gemik was op my by die werksplek. Na daardie telefoonoproepe is die kantoor van my werksplek aangeval. Hier is dit nou die huis wat ek bewoon het wat ook aangeval word. Met ander woorde dit het my identifiseer as 'n persoon wat hulle na gemik het. Dit is die rede.

MNR. HANEKOM : Het u in die tyd wat u by Herschel was boodskappe van u vader ontvang? -- As ek reg is, terwyl ek in Herschel was, het ek 'n boodskap of twee ontvang.

Van u vader? -- Dit was boodskappe wat van die kinders af gekom het by die huis. Dit wil sê Sharpeville.

En terwyl u in Odendaalsrus was, het u enige boodskappe van u vader ontvang? -- Soos ek alreeds gesê het, het ek

vir/...

vir Phillip Masia 'n boodskap gegee om te verneem oor die lewe, hoe dit gaan met my mense daar. Hy het toe teruggekeer met die boodskap en gesê dat hulle almal gesond is. Dus het ek aanvaar dat almal daar ingesluit is. Hy het nie spesifiek vir my gesê wie dit is of wie dit aan hom gesê het nie.

Wanneer het u begin werk by die hotel en restaurant - Hotel and Restaurant Workers Union in Johannesburg? -- Dit was gedurende Meimaand 1986.

Waar het u toe gewoon? -- Ek het by my swaer se huis gewoon te Diepkloof Zone 5. Dit wil sê, dit is toe ek teruggekeer het vanaf Herschel. Toe het ek by hom gaan bly.

Het u toe u nou terug was in Soweto met u vader in aanraking gekom? -- Van ek teruggekeer het na Soweto toe, het ek nie met my vader gepraat nie. Ek het eers vir die eerste keer met hom gepraat in hierdie jaar.

HOF : In 1987? -- 1987.

MNR. HANEKOM : Waarom het u nie met hom gepraat nie? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat ek nie in staat was om by die Vaaldriehoek te gaan nie. Ek was bang gewees en dus tweedens, ons het nie 'n telefoon by die huis gehad nie, waar ek dan met hom telefonies kon gepraat het nie.

Kon u nie vir hom 'n brief skryf en die posisie verduidelik en verduidelik waarom u nie huis toe kom nie? -- Ek het dit nie gedoen nie, maar wat gebeur het is die volgende. Terwyl ek in Herschel was, my oom het afgekom Herschel toe vanaf Sharpeville aan wie ek dan toe daar verduidelik het wat die omstandighede is en wat my redes was. Hy het dus hierdie boodskap wat ek aan hom oorgedra het verder aan my vader oorgedra.

U het nooit teruggegaan na u huis in Sharpeville om

u/...

u persoonlike besittings te gaan haal nie? -- Ek was al in Sharpeville gewees op verskillende geleenthede waar ek, as ek daar was, sekere goedere geneem het. Ek het nog nie alles van my daar verwyder nie, maar daar is wel items wat ek alreeds geneem het.

Nadat u op 4 September 1984 weg is van Sharpeville af, wanneer het u die eerste keer teruggekeer na u ouerhuis te Sharpeville? -- Dit was gedurende die nag gewees in Novembermaand 1986 toe ek vir die eerste keer teruggekeer het na my ouers se huis toe.

Kan u onthou wat die datum in November was? -- Ek kan nie die presiese datum onthou in Novembermaand nie. Al wat ek kan sê is, dit was laat, heelwat laat in Novembermaand.

Is dit ook die eerste keer wat u weer u kind gesien het? -- Nee, dit was nie die eerste keer nie.

Hoe het u dan u kind te siene gekry? -- Vir die eerste keer na ek by my swaer te Diepkloof Zone 5 ingetrek het, het ek ŉ boodskap aan Phillip gegee dat hy vir my jongste sustertjie hierdie boodskap moet gee dat ek te Diepkloof is by my swaer, hulle moet daar by my besoek kom aflê.

Het hulle toe gekom? -- Nie onmiddellik na die boodskap gegee is nie. Dit het ŉ tydjie geneem voor hulle gekom het, maar op die ou end het hulle toe gekom.

Wie is Fanie Myeza?

HOF : Praat ons nou van Myeza of Mjeza? Ons het gepraat van Myeza en dit het nou hier geblyk dat hierdie getuie is nie Myeza nie, sy is Mjeza.

MNR. HANEKOM : Mjeza, dieselfde van as die getuie.

MR BIZOS : I am told that the "y" is an alternative for a soft "j" sound. So, apparently the State was not

entirely/...

entirely wrong. The spelling is optional.

COURT : Apart from the spelling - hoe spreek u u van uit? -- Mjeza.

Van nou af is dit Mjeza.

MNR. HANEKOM : Wie is Fanie Mjeza? -- Dit is my vader se naam daardie.

Ek wil dit aan u stel dat u nie eerlik is met die Hof nie, dat u tot op die datum van 27 November 1986 in alle geval nooit vir u vader of enige familielede iets van u laat hoor het nie? -- Nee, dit is nie so nie. Wat ek hier vir die Hof vertel het, is die waarheid.

Ek stel dit aan u dat ek in besit is van ŉ beëdigde verklaring ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : I must object. The State has tried this before. and Your Lordship ruled them out of order. They can put whatever they want to the witness, but they cannot tell the witness that they have got an affidavit. It is interesting, but it is an improper way of cross-examination.

COURT : You also tried once.

MR BIZOS : If I did, then I was wrong.

COURT : Well, you were also ruled out of order. Unless this affidavit is an affidavit by the witness. Is dit ŉ verklaring van die getuie self?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : Dan stel ek nie belang wat in iemand anders se verklaring staan nie.

MNR. HANEKOM : Ek volstaan dan net met die stelling dat tot op 27 November 1986 het nòg u vader nòg enige familielid van u geweet waar u u bevind? -- Ek weet nie of dit toegelaat word nie. Ek sou ŉ vraag gevra het omtrent die stelling

wat/...

wat aan my gestel word. Indien die Hof my toelaat om dit te vra natuurlik.

HOF : As u 'n vraag vra is dit ontoelaatbaar (res onhoorbaar - stem kom nie deur nie) -- Dankie. Dit kan nie wees nie. Wie ook al dit sê kan dit nie sê nie. In die eerste plek, my jongste sustertjie het vanaf die datum wat ek begin het by die Hotel and Restaurant se vakbond gewerk het, geweet dat ek daar werk en tweedens, ek het dus 'n rekening oopgemaak by BOB vir my kind. Daar is geld wat ek daar inbetaal het en dié kind, asook my jongste sustertjie was daarvan bewus dat daar so 'n kaart bestaan waarin geld betaal word namens my kind. So, wie ook al dit sê, praat nie die waarheid nie.

Wat is die BOB? -- Dit is die Barclays Bank kaart.

O, ek weet nou. Dit is 'n BOB Kaart? -- 'n BOB kaart, ja.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat u op 4 September 1984 Die Vaaldriehoek verlaat het nie omdat u geskok was na die aanval op u huis nie, maar omdat u vir die polisie wegge-vlug het, u was bang u word gearresteer? -- Daar was niks wat verkeerd was wat deur my aangevang was wat kon regverdig het dat die polisie my arresteer nie. Dus het ek geen rede gehad om te vlug nie. Die rede hoekom ek daar weggekom het was die beskerming van my lewe.

Is u tot vandag toe nog bang vir u lewe of gaan u nou in die Vaal in? -- Selfs nou wat ek hier staan is ek nog nie heeltemal normaal nie. Ek is nog geskrik en tweedens, ek het nou werk gekry in Johannesburg. Ek kan nou 'n lewe daaruit maak. Ek het dus nie 'n rede wat my kan dwing om terug te gaan na die Vaal toe nie. In ieder geval, ek is nog nie terug na die Vaaldriehoek toe nie.

Is u seker die aanval wat u op u huis beskryf was die

nag/...

nag van 3 September? Dit was nie dalk die nag van 1 September 1984 nie? -- Die aanval was op ŉ Maandag, 3 September.

Hier is ŉ beriggie oor die aanval op u huis in ŉ bewysstuk voor die Hof, dit is <u>W60</u> volume 10. Dit is ŉ publikasie met die titel "Repression in a time of reform" en dit was erken gevind by A. [illegible], bladsy [illegible] die derde kolom. Onderaan is die beriggie wat lui "Gladys Mjema of Sharpeville and an employee of the Orange Vaal General Workers Union had her house stoned and windows broken at 01h30 a.m. on 1 September 1984." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit, maar ek kan dit soos volg verduidelik. Ek is daarvan bewus en heeltemal seker van die gebeure dat die eerste aanval was op 28 Augustus en die tweede aanval was op 3 September.

<u>HOF</u> : Dit wil voorkom asof die oorsprong van die gegewens uit die Rand Daily Mail kom van 3 September 1984? -- Ja, ek sien hierdie berig, maar ek dra geen kennis daarvan nie. Wat ek wel van weet is dat die aanval was op 28 Augustus en my vader het hierdie voorval dieselfde dag by die polisie gaan rapporteer. Dit is waarvan ek weet.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Het u enige inligting aan enige koerant en in besonder die Rand Daily Mail gegee oor die aanval op u huis? -- Ek het dit met niemand bespreek nie, vernaam die verslaggewers van koerante. Dit was net gerapporteer by die polisie en verder, die mense was daarvan bewus dat daar so ŉ voorval plaasgevind het.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : By die eerste aanval, die aanval van 28 Augustus - u sê nou die eerste aanval was op 28 Augustus? -- As ek dan verkeerd gepraat het, is dit die sleep van die tong, maar laat ek dit so aan u stel. Ons

het/...

het ŉ vergadering gehad op die 12de, ŉ vergadering op die 19de en ŉ vergadering op die 26ste, dit is in Augustusmaand. Na die vergadering van die 26ste was daar ŉ aanval gewees.

HOF : Bedoel u op dieselfde dag of op ŉ dag daarna? -- Dit was op die 28ste dat die aanval daar was. Dit is na die vergadering van die 26ste.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : So, daar was nie op die 26ste ŉ aanval nie? -- Nee, nie op die 26ste nie. Die 26ste en die 27ste was daar nie ŉ aanval gewees nie. Hierdie aanval was op die 28ste.

Was dit die eerste aanval op die huis? -- Ja, die eerste aanval op die huis was op die 28ste.

Wat was die skade toe gewees? -- Die vensters was beskadig gewees.

HOF : Bedoel u gebreek? -- Ja, ŉ paar vensterruite was gebreek gewees.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat was die aard van die aanval daardie aand op die 28ste? -- Wat ek wel gesien het, was ŉ klip wat ŉ voorwerp was wat ons gekry het na die polisie opgedaag het toe ons daar rondgekyk het. Toe het ons die klip gevind.

MNR. HANEKOM : Waar het u die klip gekry wat die skade veroorsaak het? -- Daar is ŉ bed wat teen die muur staan net waar die venster is. Die klip was gevind bo-op daardie bed, dit wil sê dit het deur die venster gekom en op die bed geval.

Hoe laat was die aanval van 28 Augustus op u huis gewees? -- Die aanval was omtrent na 01h00, want ek was aan die slaap gewees. Ek het nie ŉ polshorlosie of ŉ wekker gehad waarop ek tyd kon gesien het nie, maar my skatting is dat die

aanval/...

aanval na 01h00 was.

Wie het die nag op die bed geslaap waar u die klip gevind het? -- Dit is die jongste kind van die familie daar, naamlik Angeline Mjeza.

HOF : Is dit dieselfde kamer wat weer getref is op 3 September? -- Ja, dit is dieselfde kamer, want dit staan naby aan die straat se kant.

MNR. HANEKOM : Was die kind raakgegooi? Getref deur die klip? -- Hierdie klip het op haar geval, al het sy nie seer gekry as gevolg van die tref van die klip nie, want dit het seker op die komberse geval.

Het u tydens of na die aanval op die huis traangas of rubberpatrone daar gesien? -- Soos ek alreeds hier gesê het in die hof, wat betref die eerste aanval het ons 'n klip op die bed gesien.

HOF : Dit is al? -- Dit is binne-in die huis. Daar was wel ander klippe gewees wat buite geval het in die omgewing van die venster.

MNR. HANEKOM : Was daar buite of binne die huis enige aanduiding gewees dat traangas gebruik was in die aanval of rubberpatrone? -- Glad nie. By die eerste aanval was daar geen aanduiding gewees dat daar een van die twee, naamlik die traangas of rubberkoeëls gebruik is nie.

Het u op enige stadium gedurende Augustus 1984 of September 1984 met die koerantmense gepraat? -- Ek het nog nooit met die verslaggewers van koerante gepraat nie.

Ek wil net aan u verder voorlees uit die beriggie uit BEWYSSTUK W60 op bladsy 12. Dit lui "A few days after a meeting about the rent issue in Sharpeville, she received a letter from the Administration Board informing her that

she/...

she was to report to the township manager." Waar dink u sou die koerant die inligting vandaan gekry het as dit nie van u af gekom het nie? -- Ek weet regtig nie. Die koerantverslaggewer kon dit miskien te hore gekom het vanaf ander mense, want daar is wel ander mense wat daarvan bewus geword het dat hierdie dinge plaasgevind het. Dus kon hy dit van ander mense af gekry het. Ek weet nie.

Die beriggie lui verder "The clerk at the office said that the mayor and the councillors wanted to speak to her about her involvement in the anti-rent campaign." Waar dink u sou hulle hierdie inligting kry? -- Toe ons na daardie kantore toe was van die Administrasie raad, was ons drie persone gewees, naamlik ekself, Peter en my vader en toe hierdie voorval plaasgevind het dat die klerk daar met ons gepraat het, was dit in die teenwoordigheid van die drie. As dit ek was wat daardie berig gegee het aan die koerantmense sou ek die regte datums aan die mense gegee het van wat daar plaasgevind het en wanneer dit gebeur het.

Die laaste deel van die berig lui "The council members never kept their appointment but nevertheless, the following Monday another call was made to her home." Is dit korrek? -- Ek het gesê dat ons gesê was dat die raadslede nie daar was nie en dit was nie op dieselfde dag wat ons gesê was wanneer om weer terug te kom nie. Dus is dit 'n verkeerde berig indien hier gesê word dat dit die Maandag sou plaasvind. Ons kon self sien dat die raadslede nie daar was nie, maar ek sê later was daar toe weer 'n brief geskryf wat gerig was aan myself en my vader. Dit was 'n paar dae later dat hierdie brief geskryf is. Mag hierdie paragraaf ook miskien aan my verduidelik word? Dit is die laaste

paragraaf/...

paragraaf of die tweede paragraaf van bo af op die laaste kolom van bladsy 12?

HOF : Ja, lees hom maar. -- Ek vra om verskoning. Daar was iets wat nie vir my duidelik was toe dit so aan my gestel was deur die Staatsadvokaat nie. Wat gebeur het is die volgende. Ek was genooi gewees om daar te wees op die 16de. Ek kon nie daarheen gaan nie en dus het ek om verskoning gevra. ŉ Ander datum is toe vir my gegee. Dit wil sê die 20ste, wat dan ŉ Maandag was. Dit is die Maandag wat ek toe soontoe was saam met my vader en Peter. Met my aankoms daar was die raadslede nie daar gewees nie. Dus as hierdie berig praat daarvan dat daar ŉ ander afspraak gemaak is later vir ŉ Maandag kan dit nie korrek wees nie, want dit was die laaste wat ek daar was die Maandag van die 20ste.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nee, maar dit is nie wat die berig sê nie.

HOF : Neem die verslaggie maar saam, dan kan u vir ons na ete vertel wat dit beteken.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1018 NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Wou u enigiets gesê het na aanleiding van W60? -- Ja.

HOF : Praat maar? -- Die inhoud van hierdie wat hier bevat word is voorvalle wat daar by die huis plaasgevind het wat ek van bewus is. Die enigste verskil hier is dat die persoon wat hierdie verslag gedoen het, was nie op hoogte met die feite van wat daar plaasgevind het nie, met die gevolg die beeld wat hier gegee word is nie korrek nie. Byvoorbeeld die persoon sê hier ek is ŉ brief gegee om na die Administrasie-

kantore/..

kantore toe te gaan. Met my aankoms daar op versoek van hierdie brief vind ek dat die raadslede nie daar teenwoordig was nie en dit is nie die korrekte verhaal nie. Ek sê die korrekte verhaal is, na ek ȵ brief ontvang het waarin ek versoek was om die 16de by hierdie kantoor te wees, omdat ek nie daar kon wees op hierdie datum nie, het ek ȵ brief geskryf en ȵ ander datum gevra en verduidelik dat ek nie daar sal wees nie. Dit is eers na ek om verskoning gevra het vir die datum van die 16de, dat ek ȵ brief ontvang waarin dit gesê was dat ek saam met my vader na die kantore toe moet kom. Dit is die datum van die 20ste. Dit is die dag wat ek dan die klerk daar raakgeloop het en dit was die laaste wat ek daar was. Ook die laaste wat daar enige afsprake gemaak was met my om by hierdie kantoor aan te doen. Dit is op die 20ste. Dit is hoekom ek vir hierdie Hof sê dat die persoon wat hierdie verslag gedoen het was nie op hoogte met die feite van wat hy oor verslag gedoen het nie.

MNR. HANEKOM : Die beriggewing in paragraaf 1 wat praat van die aanval op u huis, is dié paragraaf korrek behalwe vir die datum wat verkeerd is? -- Wat paragraaf 1 van die berig betref, dit is korrek wat daar genoem word behalwe vir die datum, asook die tyd wat daar genoem word. Ek kan nie met sekerheid sê dat dit die tyd was nie. Ek kan dus nie aanvaar dat dit die korrekte tyd is wat daar genoem is nie.

Ek wil net ȵ ander aspek met u behandel en dit is u huislike omstandighede in Julie/Augustus 1984. Het u op daardie stadium onderhoud gekry vir die kind van u? -- Watter tydperk praat u nou van?

Augustus/...

Augustus/September 1984? -- Toe ek weg is van my huis af het ek nie werk gehad nie, dus het ek geen inkomste gehad nie. As gevolg daarvan was ek nie in staat gewees om enige onderhoud by te dra vir die kind nie.

U verstaan die vraag verkeerd. Voordat u van die huis af weg is, sê maar gedurende Julie en Augustus 1984, het u onderhoud ontvang van die vader van die kind? -- Is dit in 1984, Julie en Augustus?

Ja, dit is reg. -- Vir die twee maande Julie en Augustus 1984 was ek nog tuis gewees. Dus het ek toegesien tot die onderhoud van die kind. Ek is eers weg van die huis af op 4 September 1984.

HOF : Weet u wat beteken "maintenance", onderhoud? -- Miskien verstaan ek nie die woord "maintenance" so goed nie.

Weet u dat die pa van 'n kind moet betaal vir die onderhoud van 'n kind? -- Ja, ek weet daarvan.

Wie is die pa van hierdie kind? -- Steward Madolo. Hy woon in die Transkei in die distrik van Qumbu.

En het hy bygedra tot die onderhoud van die kind ooit? -- Van die geboorte van die kind is die kind se van my nooiensvan. Dus word die kind beskou as my vader se kind as gevolg van die van. Dus ek en die vader van die kind het nooit weer op goeie voet verkeer na die geboorte van die kind nie.

Jy antwoord nog nie my vraag nie. -- Wat is u vraag nou weer?

Die vraag is, het die vader bygedra tot onderhoud? Ek stel nie belang of julle 'n goeie of 'n slegte verhouding het nie? -- Hy het nog nooit bygedra tot die onderhoud van hierdie kind nie.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Die twee susters van u wat ook kinders gehad het by die huis, was hulle getroud? -- Hulle is getroud.

Het hulle mans ook in julle ouerhuis gewoon of nie? -- Hulle het net af en toe daar gekuier. Omdat die huis te klein was kon hulle nie daar gebly het nie.

Het hulle bygedra tot die onderhoud van hulle kinders? -- Die mans van my susters het bygedra tot die onderhoud van hulle kinders in die sin dat hulle geld vir die susters gegee het al was dit nie baie geld nie, maar hulle het darem tog iets bygedra.

Wie is die ouer broer van u wat u sê ook in die huis gewoon het en R200,00 per maand verdien het? -- Arthur Mjeza.

Het hy in u ouerhuis gewoon? -- Soos ek alreeds gesê het, hy het saam met ons in die huis gebly, maar die meeste van die tyd het hy in die hostel gebly. Dit wil sê hy het net af en toe by die huis gebly. Nie pal nie.

Dan het ek u getuienis verkeerd verstaan, maar die indruk wat ek van u gekry het is dat hy glad nie by die huis gewoon het nie. Hy het in die hostel gewoon en hy het niks met die huis te doen gehad nie? -- Ek het verduidelik dat my broer wat na my kom, het 'n permit van die hostel. Hy kom af en toe by die huis.

Hy het nie in u ouerhuis gewoon, met ander woorde nie? -- Dit is vir my moeilik om vir u so te sê dat hy nie in die huis gebly het nie, want in die huis het hy 'n bed gehad, sy klere was daar, hy het besittings in daardie huis. As hy by die huis is, het hy alles van hom wat hy daar kan gebruik. So, dit is vir my moeilik om vir die Hof te kan sê dat hy nie by die huis gebly het nie.

Wanneer/...

Wanneer is u vir die eerste keer genader om getuienis in hierdie verhoor te gee? -- Dit was om en by die begin van die jaar 1986, daar rond, aan die begin, het ek eers daarvan bewus geword.

Wanneer het u vir die eerste keer ŉ skriftelike verklaring afgelê? -- Dit was ook daar in die eerste helfte van 1986, want dit was voor ek begin het om te werk, dit wil sê dit was voor Meimaand 1986.

Dan wil ek met u behandel die gebeure van 3 September 1984. U het getuig dat u nuuskierig was - jammer, ek trek die vraag terug. Net eers iets anders. Wie is die persoon wat u die oggend van 3 September wakker gemaak het om te kom kyk? -- Sy is ŉ buurvrou van ons daar met die naam van Dilahloane Anna Tladi.

U sê sy het u aandag gevestig op polisievoertuie hippo's met polisiemanne daarby? -- Dit is so, ja.

Hoeveel polisievoertuie was daar? -- Vanwaar ek gesien het, kon ek twee hippo's gesien het en nog omtrent drie karre.

Het die polisievoertuie daar beweeg of het hulle stilgestaan? -- Die twee wat ek beskryf as twee hippo's was van die pad afgetrek en die ander klein karretjies van die polisie was besig om te beweeg.

Wat was so eienaardig aan polisievoertuie dat dit u aandag getrek het? -- Daar is niks wat my aandag getrek het na die polisievoertuie toe nie. Ek het belang gestel en my aandag gevestig op die klomp persone wat daar gestaan en kyk het en ek het toe dus besluit om te gaan sien wat die mense na gekyk het.

U getuienis was dat daar klein groepies mense was? -- Ja, dit is so.

Van/...

Van watter klomp mense praat u nou wat daar was? -- Die persoon het my aandag op die polisievoertuie gevestig wat op ʼn distansie was. Later het ek opgemerk dat daar ʼn klompie mense wat ek na verwys het as ʼn klomp staan en kyk in daardie rigting. Ek het toe belang gestel om te weet wat die mense na gekyk het in daardie rigting. Dus het ek na hulle toe gegaan.

Die oomblik toe u by hulle kom, wat sien u, waarna kyk hulle? -- Toe ek by hulle gekom het, het ek vir hulle gevra hoekom hulle daar staan, wat is dit wat hulle sien. Voor ek ʼn antwoord gekry het, was traangas geskiet na ons toe.

Van waar af was die traangas geskiet? -- Die traangas het gekom vanaf die rigting van die voertuie wat beskryf word as hippo's.

Hoe ver was die groep waarin u was van die polisievoertuie? -- Ek sit nou daar met ʼn probleem. Ek is nie in staat om ʼn skatting te gee deur meters te gebruik nie. Ek kan wel ʼn distansie aandui as ek by ʼn plek staan en sê dit is van hier tot daar.

HOF : Van hier tot by die deur daar agter of nader? -- (Getuie dui distansie aan)

50 Meter. -- Ek het nie ʼn goeie idee van meters nie.

MR BIZOS : We will accept the 50 metres.

MNR. HANEKOM : Was daar op daardie punt enige raadslede of polisiemanne se huise naby? -- Waar ons was, is nie ver van my ouers se huis waar ek gewoon het nie en daar is geen raadslid se huis of ʼn polisieman se huis in daardie onmiddellike omgewing nie. Daar is wel huise van hulle maar ver van daardie punt af.

HOF : As u praat van ver bedoel u binne een en dieselfde

blok/...

blok of ŉ aantal blokke? -- Praat u van die huise wat persele neem tussen twee strate, dit wil sê die lengte van die straat of die breedte van die straat?

As ek praat van ŉ blok dan beteken dit al die huise aan een kant van die straat, van een straathoek tot ŉ mens by die volgende straathoek kom, alles aan die een kant van ŉ straat. Dit is die breedte van ŉ blok. -- Ja, nou verstaan ek.

Hoeveel blokke was dit weg of was dit binne-in dieselfde blok? -- Twee blokke verder van waar ons gestaan het, was ŉ raadslid se huis, wat ook versper was deur die skool.

MNR. HANEKOM : Watter raadslid is dit waarna u verwys? -- Mokate is die raadslid se naam.

Wat is die straat waarin u ouerhuis was? -- Ek sit met ŉ probleem. Die klein straatjies daar in daardie lokasie het nie name nie, maar ŉ hoofstraat in daardie onmiddellike omgewing waar die busse verby ry is Ramokgasestraat.

As ek vir u op die kaart raadslid Mokate se huis wys, kan u probeer om u eie ouerhuis aan te dui? Ek wys vir u BEWYSSTUK AAR4. Raadslid Mokate se huis is punt nr. 7 op die kaart. -- Aan u regterhand in Ramokgasestraat verby die afdraaistraat aan jou linkerkant is een, twee, drie, by die vierde een waar daar ŉ opening is, is daar ŉ derde huis van die hoek af.

HOF : Gee vir die getuie ŉ speld dat sy ŉ gaatjie druk daarso. Die plek word aangedui met ŉ pyltjie AAR4 en dit word ŉ nommer gegee 21. Dit word dan beskryf in die indeks as Mjeza se huis.

MNR. HANEKOM : Kan u dan ook op die kaart vir ons wys waar die Immanuel Skool is waarna u verwys het?

HOF/...

HOF : Steek maar weer ŉ speld daarin. Dit sal aangedui word as nr. 22 op die kaart. Op die indeks is dit Immanuel Skool.

MNR. BIZOS VRA VERLOF DAT BESKULDIGDE NR. 11 VERSKOON WORD.

MNR. HANEKOM : Toe u die groep wat u later beskryf het as Russians teëgekom het, het u enige plakkate by hulle gesien? -- Ek het nie plakkate gesien nie.

HOF : Ek wil u nog ŉ vraag vra na aanleiding van die kaart. U het ŉ naam genoem. Ek dink dit is Ranckgasestraat of wat is dit? -- Dit is ŉ teerstraat vanaf Kolisang se garage. Dit is ŉ hoofstraat wat die busse gebruik. Dit is gemerk met ŉ rooi streep.

Spel net vir my daardie naam? -- R-a-m-o-k-h-o-a-s-e.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net duidelikheidshalwe, Putsoasteen en Rooistene is dit dieselfde ding? -- Nee.

HOF : Ken jy Rooistene? -- Ja.

Dit is ŉ voorstad, nè? -- Ja, in Sharpeville.

En Putsoasteen? -- Dit is ook ŉ voorstad in Sharpeville.

Waar lê dit? Steek ŉ speld presies in die middel van Putsoasteen.

MNR. HANEKOM : Nadat u in die groep opgeneem is, soos u sê gedwing is om deel van die groep te word, het u vir enigeen in die groep gevra wie en wat hulle is? -- Ek het nie daardie geleentheid gekry om dit te vra nie.

Wat was die ouderdomsgroep van die groep mense? Kan jy ŉ skatting gee? -- Hulle was mense van die ouderdomme tussen 19 en 26 jaar oud.

Het hulle enige kenmerkende kleredrag gehad die groep mense? -- Nee, hulle het verskillende tipe burgerklere aangehad.

Toe u deur die groep mense voorgekeer was, was u eintlik

op/...

op pad na beskuldigde nr. 3 se kerk toe gewees. Is dit reg? -- Ja, ons was op pad kerk toe.

Soos ek nou na die kaart kyk en die plekke wat u uitgewys het, het u dan, toe u die groep teëgekom het beweeg in 'n rigting weg van beskuldigde nr. 3 se kerk af? -- Nee, dit is nie so nie.

Toe u die groep teëgekom het, het hulle beweeg in die rigting vanaf u huis na die kant van Immanuel Skool toe? -- Nee, dit is nie so nie. Dit is nie wat ek gesê het nie.

Dan moet u my asseblief reg help. Waar het u beweeg en waar het die groep beweeg? -- Moet ek dit verduidelik?

Asseblief? -- Seisostraat is die straat wat deur die busse gebruik word daar deur die woonbuurt bekend as Putsoasteen. Daar is 'n ander straat ook, 'n geteerde straat wat bekend staan as Sobuzastraat ook deur Putsoasteen.

<u>HOF</u> : Ek is bevrees u sal hom eers vir ons op die kaart moet aandui. Steek 'n speld in hom.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Goed, gaan voort met u verduideliking, asseblief? -- Moet ek nou verduidelik oor hierdie straat verder?

Waar u gestap het en waar u die groep teëgekom het? -- Vanuit my huis, dit wil sê uit die hek draai ek links. Na ek links gedraai het verby drie huise, is daar 'n straat wat verder links draai. Die straat gaan in die rigting van Sobuza. Daar is 'n sekere plek waar 'n mens kan afdraai regs om by Sobuza aan te sluit sonder om by die kruising van heirdie straat in Sobuza te kom.

<u>HOF</u> : Dit lyk vir my u moet eers deur 'n spruitjie gaan. Is dit reg? -- Ja, dit is iets soortgelyk aan 'n spruit wat 'n mens moet deurgaan daar. Deur die spruit dan het jy

Sobuza/...

Sobuza wat voor jou is om by Sobuza aan te sluit. As jy opkyk is dit in die rigting van die kerk.

MNR. HANEKOM : Waar het u die groep Russians teëgekom? -- Waar 'n mens afdraai in die rigting van die spruit, om deur die spruit te kom tot by Sobuza, in daardie rigting, het hierdie Russians in die rigting van Sobuza af gekom, maar die eerste persoon wat ons teëgekom het, was omtrent by die spruit. Dit is die een met die mes wat heel voor was van die ander klomp.

En nadat u deel van die groep geword het, waarnatoe het die groep beweeg? -- By hierdie spruit in plaas van direk te stap in die rigting van Sobuza het ons skuins afgedraai na regs om langs die huise te beweeg meer in die rigting van Immanuel Skool. Maar hierdie klomp het deur die brug van die spruit af gekom in ons rigting.

HOF : Ek verstaan nou nie. Die vraag is nadat julle by die groep aangesluit het, dit is die Russians, waarheen het die groep beweeg? -- Die groep het beweeg in die rigting van Ramckhoasestraat deur 'n opening tussen die skool en die huise.

MNR. HANEKOM : Met ander woorde, toe beweeg julle weg van die rigting van die kerk af? -- Dit is reg. Na ons by hierdie
K1019
groep aangesluit het, het ons nie in die rigting van die kerk beweeg nie.

HOF : Die kerk wat ons nou van praat is die St Cyprians Anglican Church. -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Die rigting waarin die groep toe beweeg, is daar enige raadslede se huise na daardie kant toe? -- Die rigting wat gevolg was deur hierdie groep daar, was daar 'n huis op die hoek van 'n persoon wat jare terug by die permitkantoor gewerk het, maar op hierdie huidige stadium was

hy/...

hy nie meer daar werksaam nie.

U het getuig by die huis het daar rook uitgekom. Is dit die groep waarvan u deel was wat die huis aan die brand gesteek het? -- Toe ons by hierdie klomp aangesluit het daar was die mense besig om te beweeg en daar was van hulle wat heel voor was. Dit wil sê wat voor gehardloop het. Terwyl ons aansluit by hierdie klomp, het ek opgemerk dat daar h huis aan die brand geslaan het. Ek het toe maar daar h afleiding gemaak dat dit die mense was wat heel voor gehardloop het.

Is dit mnr. Namokusi wie se huis gebrand het? -- Ek ken nie Namokusi nie, maar die huis het aan ene Mokgumutsi behoort.

Sal u dit net vir ons aandui op die kaart.

<u>HOF</u> : Dit word aangedui met h pyltjie met die nommer 23. Dit staan bekend in die indeks as Mokgumutsi se huis.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Toe die huis aan die brand geraak het, het die polisie daar opgedaag?-- Die polisie het eers opgedaag na voertuie uitgetrek was om die pad te versper. Toe het die polisie eers van bo af verskyn.

<u>HOF</u> : Wie het die pad versper? -- Van die klomp wat voor gehardloop het, is die persone wat die pad versper het met voertuie wat hulle ook aan die brand gesteek het.

Het hulle sommer mense se voertuie geneem? -- Die voertuie wat ek van praat was by Mokgumutsi se huis gewees. Een was op die perseel, die ander een by die hek. Dit is die voertuie wat in die pad ingestoot is.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Het lede van die groep ook die voertuie aan die brand gesteek?

<u>HOF</u> : Ja, die mense wat voor gehardloop het, het dit aan

die/...

die brand gesteek.

MNR. HANEKOM : Toe die voorval plaasgevind het waar die man met die mes na julle gekom het, was jy baie geskok gewees? -- Ja, ek was geskok. Ek het nie eers geweet wat om te doen nie.

HOF : Was die man met die mes een van die voor hardlopers van die groot groep of was dit iets heeltemal afsonderliks? -- Hy was deel van die klomp, maar hy het voor gehardloop.

MNR. HANEKOM : Hoe laat het dit gebeur toe die man met die mes julle konfronteer? -- Dit was na 08h00 in die môre.

Wat het 08h40 gebeur die oggend? -- Om en by daardie tyd was hierdie klomp besig om te hardloop in die rigting van ȟ garage.

Op watter stadium was dit? Voor mnr. Mokgumutsi se huis aan die brand gesteek is of daarna? -- Dit is na die huis aan die brand geslaan het en gebrand het en die polisie ook traangas gebruik het. Dit is eintlik toe die mense hergroepeer het.

Dit is nie wat u in hoof getuig het nie. U getuienis-in-hoof was dat u die persoon met die mes ontmoet het 08h20 en toe het u verder getuig dat die insident met die "mob" soos u hulle genoem het, het plaasgevind ongeveer ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ons kan dit maar ȟ bende noem.

MNR. HANEKOM : Toe het u getuig dat die insident met die bende het plaasgevind ongeveer 08h40? -- Al het ek nie ȟ polshorlosie gehad om te kyk na die tyd nie, wat ek wel van seker is is dat dit na 08h00 was wat ek my huis verlaat het en hierdie gebeure het plaasgevind en dit was voor 09h00 gewees toe die klomp afgegaan het in die rigting van die

garage/...

garage.

So, die tyd wat u in hoofgetuienis gegee het by die minuut is eintlik maar net 'n skatting. U het nie eers 'n horlosie aangehad die dag nie? -- Ja, dit is so. As ek reg onthou is dit wat ek gesê het in my getuienis. Dit was ongeveer hierdie tyd, want ek het nie 'n polshorlosie gehad nie.

Waar het die bende hergroepeer nadat die polisie hulle uiteen gedryf het? -- Ek kan nie met sekerheid sê waar dit eers vir die eerste keer begin het nie, maar toe hulle vanaf Mokgumutsi gekom het en in die rigting van ons huis, dit kan ek nie sê nie, maar om dit seker te sien dat dit wel die posisie was dat hulle nou hergroepeer het, was dit naby my huis gewees.

U het die bende nie weer gesien bymekaar kom, hergroepeer nie? U het hulle eers weer gesien toe hulle 'n groep was? -- Toe ek hulle vir die eerste keer gesien het, is toe hulle hergroepeer het. Daar was reeds 'n klompie gewees wat in die straat was en die ander was besig om in die huise in te gaan en die ander uit die huise uit te kry. Dit is toe hierdie voorval plaasgevind het dat my vader ook dan daar moes aangesluit het. Dit wil sê ingesluit myself en my kind. Die mense het toe die groep groot gemaak toe hulle by Tivo of in die nabyheid van Tivo Tato se huis gekom het.

Toe u nog in u ouerhuis was, in hoeveel huise het u gesien gaan die bende in om mense uit die huise te haal? -- Letjhe se huis, Teatea se huis en Nhlapo se huis wat ons buurman is en toe by ons huis ingekom. Ons het toe ook uitgegaan.

Kon u die drie huise wat u nou genoem het - kon u sien wat daar gebeur terwyl u in u huis was? -- Ja, kyk, toe ek

by/...

by die huis gekom het, het ek nie binne-in die huis ingegaan nie. Ek het by die deur gestaan en gekyk wat gebeur met verbasing. Dan het ek gesien wat gebeur by hierdie huise tot hulle by ons gekom het.

Was u oë nie aangetas deur traanrook op daardie stadium nie? -- Die traangas was daar gewees, want as ħ mens jou oë net afgevee het een maal, kan jy loop om by die huis te kom waar jy jouself moet wegsteek.

Was u nie vreesbevange ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kom ons kry nou maar eers die antwoord. Was u oë aangetas deur traanrook of nie? -- Ja, dit was geaffekteer gewees, want dit het gejeuk. Daar het trane uitgeloop maar ons het nog voortgegaan.

MNR. HANEKOM : Was u nie bang om daar buite die huis te staan nie? Het u nie liewers probeer wegkruip nie? -- Ek het met ħ groot probleem gesit daar. Die eerste man wat ek raakgeloop het, het my beskuldig dat ek ħ raadslid was. Ek was gedwing om by die groep aan te sluit. Die bende het saam met my gegaan na ħ huis toe. ħ Huis is aan die brand gesteek. Nou weet ek nie wat is die volgende ding wat hulle gaan doen nie. Om daardie rede het ek nie geweet wat om te doen nie.

Maar is die voor-die-handliggende nie dan juis om weg te kom, weg te vlug en weg te kruip van die groep af nie? -- Weg te kom, weg te hardloop van waar?

Sodat die bende u nie weer in die hande kry nie? Nou staan u oop en bloot voor die huis en u staan en kyk wat doen hulle, hoe hulle ander mense uit die huise uithaal? -- Nee, u verstaan my nie. Ek sê ek was by, ek het gesien toe ħ huis aan die brand gesteek is as gevolg waarvan ek

toe/...

toe gevlug het. Ek het gevlug tot by die huis en toe ek by die huis gekom het, onthou ek dat ek ook beskuldig was as ŉ raadslid. Gaan ek in die huis in, kom daardie mense en brand die huis, dan sal ek in die huis brand. As gevolg daarvan het ek toe deurmekaar geraak. Ek het nie presies geweet wat die beste vir my was om te doen nie.

Ek sal u nog net een maal vra. Het u oop en bloot voor die huis gestaan en kyk hoe die bende ander mense uit die huise uit dwing en u hardloop nie weg nie?-- Ja, daar staan ek en sien dat mense uit die huise gedwing word, maar hier sit ek met my pa en die kinders. Ek weet nie wat om met hulle te doen nie. Dus het ek net daar gestaan sonder om te weet wat se stap om te neem.

Nadat u vir die tweede maal uit die groep uit weggekom het, nadat hulle u vader gelos het en u ook van hulle af weggekom het, wat het toe van die groep geword? -- Dit het verder aangeloop of beweeg in die rigting van die garage met Ramokhoasestraat. Ongelukkig is daar huise wat my uitsig versper het om verder te kon sien in die rigting van die garage. Dus kon ek nie sien nie.

Wat het van u kind geword toe u en u vader terug is huis toe? -- Baie mense het weggekom van hierdie klomp op een of ander manier. Daar is ander mense wat ook al reeds by hierdie klomp aangesluit het wat later weggekom het. So, die kind van my het ook maar weggekom deur in ŉ hoek te draai daar tot by Nomalizo Dinsi se huis. Dit is die volgende straat van ons huis af.

Net om seker te maak, was u toe nog by die groep of was u toe al weg toe u kind weggekom het? -- Ek het gesê in die nabyheid by die hoek van Tivo se huis, is waar my vader toe gesê was om terug te gaan. Dit is waar ek toe ŉ kans

gekry/

gekry het ook om weg te kom. Ek is terug huis toe saam met my vader. Die kind was nog in die klomp gewees. Net om die hoek het die kind ook weggekom van die klomp af, want toe ek by die huis was, het ek opgemerk dat sy by Dinsi se huis is en dit grens aan ons. Daar is net ŉ omheiningsdraad tussen die twee persele. Dit wil sê ons perseel en Dinsi s'n het ŉ opening wat ŉ mens toegang gee tot beide die persele.

Behalwe die aanval op Mokgumutsi se huis, het u enige ander aanvalle gesien wat deur die bende uitgevoer was? -- Ek sal nie sê dat ek enige ander voorval gesien het van aanval op hierdie dag nie, maar voor ons by Mokgumutsi se huis gekom het waar hierdie voorval plaasgevind het, ŉ entjie verder het ek opgemerk dat daar rook was, ŉ swart wolk van rook. Wat daar gebrand het kan ek nie sê nie. Of dit ŉ voertuig was of iets anders, is ek nie in staat om vir die Hof te kan sê nie.

In watter rigting het u die rook gesien? Is daar enige baken wat u vir ons kan aandui waar u die rook gesien het? -- Soos ons nou geloop het in Sobuzastraat deur Putsoasteen wat aan jou linkerkant geleë is, as u in die rigting stap wat ons gestap het deur die spruit aan jou linkerkant is daar ŉ hoekhuis. Die rook wat ek beskryf wat ek gesien het wat ek nie geweet het wat dit veroorsaak het nie, was by hierdie betrokke huis gewees.

<u>HOF</u> : Is dit nou waar Sobuzastraat en die spruit bymekaar kom? -- Nie presies daar waar die twee bymekaar kom nie, maar in die onmiddellike omgewing van daardie punt.

As ek dit reg het was u van u huis af op pad na die kerk van beskuldigde nr. 3 toe u deur die man met die mes voorgekeer is? -- Dit is so.

En/...

En u sou met Sobuzastraat afloop? -- Ja, daar is twee paaie wat ŉ mens kon gevolg het. Òf met Sobuza tot weer by ŉ bushalte waar jy links kan draai òf jy kan net reguit gaan met Sobuzastraat.

Was u al deur die spruit toe u die man met die mes ontmoet? -- Dit is voor ons deur die spruit was wat ons die persoon raakgeloop het.

Daardie plek wat gebrand het waar die groot swart rookwolk was, was aan die ander kant van die spruit soos wat julle geloop het? -- Dit is so, ja.

Het jy hom gesien, die groot swart rookwolk, voor die man met die mes by julle gekom het? -- Ek het eers daarvan bewus geword op die stadium wat die persoon vir ons gesê het "Join the force" en die rigting uitgewys het. Ek het toe gekyk in die rigting wat hy gewys het in Sobuzastraat en toe het ek bewus geword van daardie rook. Eers op daardie stadium het ek gesien dat daar rook was.

En die "force" was daar by die rook? -- Daar was mense gewees wat in die rigting van die spruit gekom het vanaf daardie rook. Dit wil sê daar was mense gewees vanaf die rigting van die rook wat in die rigting van die spruit beweeg het.

Dit is in u rigting? -- Ja, in my rigting.

MNR. HANEKOM : Die mense wat u sê wat so beweeg het, was dit deel van die bende of was dit heeltemal ander mense? -- Ek het aangeneem dat dit dieselfde bende was. Die enigste verskil was dat hulle nie bymekaar geloop het nie. Hulle het verskil met die distansies. Dit is al wat ek kon sien.

Het u later op 3 September of miskien die oggend van

4 September gesien wat dit is wat gebrand het, wat die rook daar veroorsaak het? -- Na hierdie bende verby is, het dit toe weer daar koel geword, dit wil sê die atmosfeer was normaal. Ek het dus van die mense verneem dat die rook wat ek daar gesien het, was Buti Sekgobane se huis wat aan die brand was.

Die Sekgobane waarvan u praat, was dit ɦ raadslid? -- Nee, hy was nie ɦ raadslid gewees nie. Ek weet nie of hy ɦ familielid was van een wat ɦ raadslid was of ɦ seun is van Sekgobane nie, maar hyself was nie ɦ raadslid nie.

Wat se werk het hy gedoen? -- Ek weet regtig nie wat se werk hy gedoen het nie. (Getuie vra om verskoon te word vir vyf minute)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Het u op 3 September die oggend enige ander rook gesien behalwe die rook van Sekgobane se huis waarvan u nou gepraat het? -- Ja, Mokgumutsi se rook het ek gesien.

Behalwe dit? -- Nee, ek het nie ander rook gesien nie.

Weet u waar die raadslid Sekgobane se huis is? -- Ek weet nie presies waar sy huis is nie, maar van hoor, ek is nie seker nie. Hy woon iewers in die woonbuurt bekend as Rooistene.

As daar by sy huis rook getrek het, as sy huis gebrand het die oggend, sou u dit gesien het vanwaar u was? -- Nee, ek sou dit nie gesien het nie, want ek sal vir u sê, die oppervlakte daar is soos volg. Phelandaba, dit is die area waar ek woon, is die laagste is almal. Van my huis

af/...

af in die rigting van Rooistene, Putsoasteen is hoog. Dit is hoër geleë as wat my area is. Met die gevolg is, Rooistene wat anderkant Putsoasteen is, is dan eintlik versper deur Putsoasteen. Dus kan ek nie anderkant sien nie.

As die rook in die lug opgetrek het, sou u dit gesien het? -- Ek wil nie vir hierdie Hof sê dat ek dit sou gesien het nie, want dit hang af. As die rook opgaan en hoog trek, en daar is wind wat waai, sal dit versprei. Dit kan maklik wees dat ek kan dink dit is in Putsoasteen waar ek die rook sien.

Wel, ek stel dit aan u dat daar was getuienis dat raadslid Sekgobane se huis is aan die brand gesteek 07h00 die oggend van 3 September 1984? -- Ek wil vir hierdie Hof sê dat om 07h00 die oggend op die datum van 3 September was ek nog aan die slaap gewees.

Ek stel dit ook aan u dat die huis van Sekgobane is geleë naby Sobuzastraat?

HOF : Dit is so effektief asof u in Pretoria sê iemand woon naby Kerkstraat.

MNR. HANEKOM : Ek wil dit aan u stel dat daar toe nou toe net getuienis was dat dit die enigste Sekgobane was wat se huis gebrand het daardie dag. Daar was nog nie getuienis van 'n ander Sekgobane se huis wat gebrand het 3 September nie? -- Wat daardie getuienis betref, elke getuie getuig waarvan hy bewus is. Ek getuig waarvan ek weet. Ek sê daar was rook gewees in die nabyheid van die huis van Sekgobane. Later was ek gesê dat dit Sekgobane se huis was wat aan die brand was.

Die rook wat u gesien het, was dit 'n donker rook en het dit baie regop in die lug getrek? -- Die rook waarvan ek

praat/...

praat was wel donker rook gewees, maar nie pikdonker nie. Dit het hoog getrek. Hoe hoog dit getrek het, kan ek nie sê nie, want ons het toe verder aangeloop. Ek het dus nie veel aandag daäraan gegee nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : As u praat van die omgewing van Sekgobane se huis waar u die rook gesien het, dan praat u nog steeds van Buti Sekgobane? -- Ek praat van Buti Sekgobane se huis.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Het u op enige stadium op 3 September of na 3 September self die Buti Sekgobane se huis gesien? -- Nee, ek het vertrek vanaf die Vaaldriehoek die oggend van 4 September en nooit teruggekeer soontoe nie.

Waar u waar raadslid P.S. Mofokeng se huis geleë is? -- Ja, ek weet in die sin dat ek al een maal daar was. Ek is nie seker of ek in staat sal wees om die huis uit te wys nie, maar die area waar die huis geleë is, sal ek kan sê dit is in daardie area.

Het u op 3 September die oggend rook in daardie omgewing gesien? -- Raadslid Mofokeng se huis is ook buite sig vanwaar ek bly. Dit is in Putsoasteen wat bekend staan as Seapoint. 'n Mens kan dit nie sien nie.

<u>HOF</u> : Waarom word dit genoem Seapoint? -- Toe ek groot geword het daar, was daardie plek alreeds bekend as Seapoint, maar ek het toe my eie afleiding gemaak. Die huise daar staan hoog bo-oor 'n dak. So, met daardie water van die dam het diegene wat besluit het om dit Seapoint te noem, so besluit as gevolg van die omgewing.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Ek stel dit aan u dat die getuienis was dat raadslid Mofokeng se huis op 3 September aan die brand gesteek is tussen 08h00 en 09h00? -- Wat die getuienis

betref/...

betref wat hier gelewer is in hierdie saak, met betrekking tot dit, kan ek dit nie betwis nie, want ek het dit glad nie gesien toe dit plaasvind nie. Toe die huis brand het ek dit nie gesien nie.

Weet u waar raadslid Dlamini se huis in Sharpeville is? -- Die antwoord wat ek gegee het met betrekking tot Mofokeng se huis, geld ook in hierdie geval. Ek weet waar die area is waar die persoon se huis geleë is, maar ek weet nie presies watter een sal dit wees nie.

Het u in daardie area rook gesien die oggend van 3 September 1984? -- Soos ek alreeds vroeër verduidelik het, my plek waar ek woon is baie laag en die mense is anderkant 'n bult wat hoër is. Dus wat plaasvind anderkant daardie bult kan ek nie sien nie.

Daar was ook getuienis dat raadslid Dlamini se huis aan die brand gesteek is op 3 September 1984 ongeveer 07h30? -- Ek sal nie met daardie tipe getuienis stry nie, want ek het glad nie gesien toe die huis gebrand het nie.

Sal u asseblief op BEWYSSTUK AAR4 vir my wys waar die Buti Sekgobane waarvan u praat se huis min of meer geleë is?

HOF : Wil u min of meer weet of wil u presies weet?

MNR. HANEKOM : As u die huis presies kan uitwys, sal ons bly wees. -- Ek vind dit 'n bietjie moeilik om die huis te sien op hierdie lugfoto. Ek is nie seker watter een dit is in daardie omgewing nie.

Kan u die straat sien waarin die huis geleë is? -- Ek is 'n bietjie verwar met hierdie lugfoto, maar ek het 'n huis daarop aangedui. Dit is òf die huis òf die huis op die hoek daar. Daar is twee hoeke daar.

HOF/...

HOF : Die punt word aangedui as punt 24 op die lugfoto. Dit word beskryf as Buti Sekgobane se huis met die voorbehoud dat die genoteer word dat die getuie daardie punt eerste aangedui het, maar aangedui het dat sy nie seker is of dit miskien op die volgende hoek aan dieselfde kant van die straat in 'n suid/westelike rigting is nie. Dit is òf daardie hoek òf die volgende hoek in 'n suid/westelike rigting op dieselfde straat.

MNR. HANEKOM : Ek wil dit net aan u stel dat u korrek is om te sê Sekgobane - daar was rook by Sekgobane se huis, maar dit is by die raadslid Sekgobane se huis?-- Ek praat van rook hier in Putsoasteen waar hierdie Sekgobane woon. Dit is Buti Sekgobane. Die raadslid Sekgobane, wat my betref, woon in die area van Rooistene, al weet ek nie presies watter huis dit is nie, maar hy woon in Rooistene.

Ek wil dit net aan u stel dat Buti Sekgobane het getuienis gelewer in die hof en hy het getuig dat die raadslid Sekgobane sy broer is en dat dié se huis gebrand het, maar sy eie huis het nie gebrand nie? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê vanwaar ek was, sou ek nie in staat gewees het om die raadslid Sekgobane se huis te kan sien nie. Dit was buite my sig, maar die punt waar ek die rook gesien het vanwaar ek was, is in die nabyheid van Buti Sekgobane wat persoonlik aan my bekend is.

Die bewysplaas is Volume 72 bladsy 3 850 en volgende.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 12 NOVEMBER 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**

**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I2-25-314**
*Document Title:-* **Vol 314 p 17980-18030. Witness: Mjeza**